# ONS IS DIE KERK

## Deel 4 – Afgesonder

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Met seerkry, is kerk-seer seerder as wêreld seer?**

**Dink jy skynheilige mense is werklik gelowig?**

**Baiekeer lewe mense met kompartemente in hul lewens. Wanneer jy dele afsonder van God, wat dink jy is die gevolg daarvan?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Markus 6:34. Hoe dink jy lyk skape sonder 'n herder in ons moderne tyd?**

---

---

---

**Wat dink jy is die beste manier om mense in ons tye te bereik?**

---

---

---

**Heb. 13:20-21. Die teks gedeelte verwys na toegerus, wat dink jy behels dit alles?**

---

---

---

**Mat 25:32-34. In hierdie wêreld tref goed en sleg beide gelowiges en ongelowiges, hoekom sê hierdie teks gelowiges is geseën deur die Vader ?**

---

---

---

**Wat daag jou die meeste uit wanneer jy mense moet liefhê?**

---

---

---

**1 Pet 2:9-10. Op die punt waar God ons aanvaar lyk ons nog baie soos die wêreld, hoekom dink jy het hy vertroue dat jy hom gaan volg?**

---

---

---

---

**Vir watter mense in jou omgewing kan jy 'n herder wees, wat dink jy het hulle nodig?**

---

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**